# KENRIDGE GEMEENTE GEBEDSBULLETIN
# Des 2024| Jan 2025

## BID DIE SKRIF: LUKAS 1:46-47,50-55 (NLV)

https://www.bible.com/bible/117/LUK.1.46-47,50-55

Maria het geantwoord: "Ek prys die Here. Ek juig in God my Verlosser!
Sy ontferming strek van geslag tot geslag oor almal wat Hom eer.
Sy kragtige arm doen geweldige dinge!
Hy verstrooi die trotse en hooghartige mense!
Hy het prinse onttroon en nederiges verhef.
Hy het dié wat gebrek ly, met goeie dinge versadig,
en die rykes met leë hande weggestuur.
Hy het sy dienaar Israel gehelp!
Hy het nie sy belofte vergeet om ontferming te bewys nie.
Want Hy het ons voorvaders beloof – vir Abraham en sy kinders –
om vir altyd goed te wees teenoor hulle."

Amen

## BID VIR DIE WÊRELD

**Brandende Kwessies:**

- Geweld na die verkiesings in Mosambiek.
- Bid veral oor die eskalasie van die konflik in die Midde-Ooste, veral tussen Israel en Iran. Dit dreig om die twee lande se kernwapen-bondgenote meer direk te betrek. Die humanitêre situasie in Gaza en Libanon vererger eerder as verbeter.
- Bid oor die eskalasie van konflik in Oekraine met Noord-Korea wat soldate na Rusland stuur en Rusland se dreigemente om. Rusland se aanvalle op infrastruktuur laat meer as 1 miljoen mense sonder elektrisiteit met die winter wat reeds begin het.
- Ekstreme weerpatrone: droogte in Suider-Afrika met ramptoestande en dreigende hongersnood in Namibië, Zambië, Zimbabwe, Malawi en Lesotho.

**8-14 Desember**
- Kazakstan
- Kirgisië

**15-21 Desember**
- Armenië
- Azerbeidjan

**22-28 Desember**
- Pakistan
- Afganistan

**29-31 Desember**
- Georgië
- Rusland

## BID VIR SUID-AFRIKA:

Bid vir die regering:

- Ons bid dat die regering ook sal standpunt inneem oor die oorlog in Oekraine en die geweld in Mosambiek, soos dit oor Israel gedoen het.
- Ons bly bid oor die BELA en NGV wetsontwerpe. Ons bid vir ŉ situasie wat onderwys en gesondheid vir alle Suid-Afrikaners sal versterk en verbeter.

Brandende kwessies:

- In 16 dae van aktivisme teen geweld teen vroue en kinders word ons herinner aan die hoë voorkoms van geslagsgebaseerde geweld. Ons bid dat mans en volwassenes hul fisiese krag en magsposisies in verhoudings sal gebruik om weerloses te beskerm en te bevorder.
- Padveiligheid oor die Feesseisoen.

## BID VIR ONS GEMEENTE:

**Bediening na buite:**

- Karl Bremer Hospitaal: Ons dank die Here vir die aanstelling van Phakama Magadla deur Hopivision as pastorale werker gefokus op Xhosasprekende pasiënte.
- Huis Ravenzicht: Veral inwoners wat oor die feesseisoen nie vriende en familie naby het nie.
- Ruyterwacht Seniorsentrum: Veral inwoners wat oor die feesseisoen nie vriende en familie naby het nie.

**Bediening in die gemeente:**

- Die Kerkraad het op 20 November ŉ beroep uitgebring vir ds. Lionel Hutton. Lionel het die beroep aanvaar en sy aanstelling is van krag, D.V. 1 Januarie 2025 en bevestiging op 26 Januarie 2025. Ons bid vir Lionel, Nicola en Amelia (1 jaar oud) en hulle inskakeling in die gemeente.
- Bid met dankbaarheid oor die afgehandelde Geskenkemark en die personeel uit die kerkkantoor wat dit bestuur.
- Bid vir die beplande bouprojek: Finansies - Ons is dankbaar dat ons reeds ongeveer helfte van die geld vir die projek het, maar ons bid vir die ander helfte. Projekbestuur – die tydlyn, kontrakteurs en die werk.

**Siekte en uitdagings:**

- **George Hamilton –** opgeneem in Kuilsrivier hospitaal na ligte beroerte. Sy visie aangetas. Met die MRI daarna het hulle ook ŉ makro-adenoom ontdek in die deel waar die pituïtêre klier is wat moontlik soortgelyk is aan wat hy in 2014 gehad het, wat verwyder is. Bid saam vir George, Anita, kinders en kleinkinders.
- **Chantal Jacobs:** fase 4 kanker wat versprei het. Sy ontvang chemoterapie. Bid asseblief vir Paul en hulle 2 laerskool dogters
- **Turner Geldenhuys** van George & Annie Stark is tuis, maar ontvang steeds behandeling.
- **Trevor Milner** is terminaal siek met pankreas-kanker en tuis in palliatiewe sorg. Bid asb. saam vir sy vrou Madri en die twee studenteseuns, Daniel en Julian.
- **Jacques Basson** se opvolg ondersoek scan het slegte nuus gebring. Daar is weer kwaadaardigheid. Bid asb. vir Estelle, Karla en Michal.
- **Ruben van Rooyen** – Ruben sal weer in die nuwe jaar met ŉ volgende program chemo terapie voortgaan. Ons bid dat hy weer in 2025 sy skoolloopbaan kan voortsit. Ons bid veral ook vir sy ouers Mari en Ryno en suster Amelia.
- **Jackie Coetzee** – Dit gaan baie goed met Jackie en sy is baie sterker, maar ondergaan steeds chemo-terapie. Ons bly bid vir Jaco, kinders en kleinkinders.

- **Johan Kleynhans** se dogter is swanger, maar het 'n toestand waarvan die behandeling die swangerskap bedreig. Ons bid dat sy gesond genoeg sal bly tot na die geboorte van die dogtertjie.
- **Stella Basson met kanker - siekeboeg.**
- **Joan Blom met kanker**
- **Jannie Snyman** (OWA) sterk tuis aan nadat hy in die hospitaal was.